higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR VLAK 3

(8021013)

23 November 2023 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 8 bladsye.

250Q1N2323

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STRAFREGSTRUKTURE EN -MANDATE
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
5. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1 Volgens die beginsel van die skeiding van magte moet wette deur die wetgewende gesag uitgevaardig word.

1.2 Sigbare polisiëring het ten doel om die bekamping van alle misdaad deur proaktiewe en responsiewe polisiëringsdiens aan te moedig om die misdaadvlakke te verlaag en gemeenskapsvertroue in die Suid-Afrikaanse Polisiediens te versterk.

1.3 Die Suid-Afrikaanse Polisiediens is verantwoordelik vir die beveiliging en beskerming van slegs staatsdepartemente en ondernemings in staatsbesit.

1.4 Wanneer die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens ontplooi word, moet dit deur die Hoof van die SANW op versoek van die Minister van Polisie gemagtig word.

1.5 Die Nasionale Direkteur van Openbare Vervolgings word deur die Parlement verkies, en hy/sy dien gewoonlik 'n termyn van 10 jaar uit.

1.6 Die Kantoor vir Getuiebeskerming bied steundienste aan getuies wat kwesbaar is en geïntimideer word asook aan verwante persone in enige geregtelike verrigtinge en in die strafregspleging.

1.7 Wanneer lede van die SANW in samewerking met die SAPD in die voorkoming en bestryding van misdaad ontplooi word, het hulle dieselfde bevoegdhede en pligte as lede van die SAPD.

1.8 Maritieme wetstoepassingsbeamptes moet verseker dat ons lugverkeer op 'n veilige manier bedryf word.

1.9 Sektorpolisiëring is die basiesste vorm van polisiëring.

1.10 Die Suid-Afrikaanse Bankrisiko-inligtingsentrum is 'n winsgerigte maatskappy wat gevestig is om georganiseerde misdaad in die bankwese te bekamp.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Kies ’n item of woord uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–K) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Die wette wat deur die Parlement uitgevaardig is wat ’n persoon of entiteit magtig om gesag uit te oefen deur ’n handeling uit te voer, ’n besluit te neem of ’n beleid uit te voer	A	afwendingsprogram
		B	gespesialiseerde eenheid teen kommersiële misdaad
		C	herintegrasie
2.2	Die wette wat uitgevaardig word deur die uitvoerende vertakking van die staat of ander liggame aan wie die Parlement ’n mate van wetgewende bevoegdhede gedelegeer het	D	beregting
		E	bemagtigende wetgewing
		F	vermoede van onskuld
2.3	’n Soort vonnis waarvolgens die misdadiger by ’n gemeenskapsdiens inskakel of aan ’n rehabilitasieprogram deelneem	G	straf
		H	ondergeskikte wetgewing
2.4	Die proses waarvolgens iemand wat uit die gevangenis vrygelaat is, gehelp word om weer in die samelewing opgeneem te word	I	litigasie-eenheid vir prioriteitsmisdade
		J	transnasionale misdaad
2.5	Doeltreffende ondersoek en vervolging van ingewikkelde sakeverwante misdade	K	Witskrif oor regstellende aksie
2.6	Ondersoek ernstige misdade, byvoorbeeld volksmoord, oorlogsmisdade en misdade teen die staat	L	hersiening van strafregstelsel
2.7	Die regsproses waarvolgens ’n regter getuienis en argumente deur teenpartye hersien om ’n formele beslissing te gee		
2.8	’n Persoon word onskuldig geag tot sodanige tyd wat hy of sy na behore deur ’n geregshof skuldig bevind word.		
2.9	Skendings van die reg wat meer as een land by die beplanning, uitvoering en trefkrag betrek		
2.10	Hou verband met die bestraffing van oortreders ingevolge die regstelsel		

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Voltooi die volgende sinne deur 'n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (3.1.1–3.4.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

arbitrêr; verminder; herstellende geregtigheid; afwending; opponerend; aangemoedig; versag; in staat gestel; verantwoordbaarheid; subjektief; uitgesluit; sub judice; diskresionêre; bestraffende geregtigheid; ingesluit

3.1 Deur middel van sektorpolisiëring word gemeenskappe (3.1.1) ... en (3.1.2) ... om groter verantwoordelikheid vir hul eie veiligheid en sekuriteit te aanvaar. (2)

3.2 Die Raad op Verbruikersgoedere van Suid-Afrika het ten doel om die uitwerking van misdaad in die kleinhandelbedryf te (3.2.1) ... en te (3.2.2) ... (2)

3.3 Voorsittende beamptes handel nie (3.3.1) ... nie. Hul (3.3.2) ... magte word volgens die wet voorgeskryf, beperk en selfs (3.3.3) ... (3)

3.4 Die doel van die Wet op Kinderberegting 2008 (Wet 75 van 2008) is om kinders se (3.4.1) ... en respek vir die fundamentele vryhede van andere te verseker. Deur gebruikmaking van (3.4.2) ... en (3.4.3) ... probeer die Wet om misdaad te voorkom. (3)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 Die Handves van Regte is op alle reg van toepassing en bind die wetgewende gesag, die uitvoerende gesag, die regsprekende gesag en alle staatsorgane

Verduidelik in jou eie woorde artikel 39 van die Grondwet wat oor die uitleg van die Handves van Regte handel. (4)

4.2 Misdadigers gebruik identiteitsdiefstal en impersonasie om bedrog te pleeg. Dit raak 'n groot bedreiging vir die publiek en dra grootliks by tot die styging in ekonomiese misdade in Suid-Afrika.

4.2.1 Definieer *impersonasie* en *identiteitsdiefstal*. (2)

4.2.2 Identifiseer die Suid-Afrikaanse maatskappy of organisasie wat 'n diens lewer om hierdie tipe bedrog te beveg. (1)

4.2.3 Bespreek omvattend die rol en funksie van hierdie maatskappy of organisasie om die staat by te staan met die bestryding van hierdie ekonomiese misdaad en om die veiligheid en sekerheid van die Suid-Afrikaanse gemeenskap te verseker. (6)

4.3 Die NVG is in kernsake-eenhede gestruktureer, wat almal deur die administratiewe afdeling ondersteun word.

Identifiseer en noem TWEE van die NVG se sake-eenhede. (2)

4.4 Die konsep van sektorpolisiëring vereis dat die gemeenskap 'n aktiewe rol in misdaadbestryding speel.

Verduidelik die voordele van sektorpolisiëring vir die polisie en gemeenskappe. (10)
[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 5

Lees die artikel hier onder en beantwoord die vrae.

LANG GEVANGENISSTRAWWE AAN DRIE LIMPOPO-MANS OPGELÊ WEENS 'N MISDAADVLAAG VAN TWEE MAANDE

- Gekombineerde gevangenisstrawwe van meer as 380 jaar is aan drie mans opgelê.
- Die mans is in hegtenis geneem in verband met 25 sake, insluitend roof en moord.
- Hulle is in hegtenis geneem nadat hul medepligtige tydens 'n mislukte roof geskiet is.

Gekombineerde gevangenisstrawwe van 384 jaar is aan drie mans opgelê in verband met 'n misdaadvlaag in Polokwane wat twee maande geduur het. Die mans het hulself na bewering as lede van die Boko Haram-bende geïdentifiseer.

Op Maandag het die Limpopo Hoë Hof Ndou Lukase Rembuluwani, 29 jaar oud, Ndou Ben, 29 jaar oud, en Khoza Ngoben Small, 28 jaar oud, skuldig bevind aan 25 misdade wat in September en Oktober 2017 in die Seshego- en Westenburg-polisiëringsareas gepleeg is.

'Die trio is onder die groep misdadigers wat hulself Boko Haram genoem het. Hulle het gemeenskappe in die genoemde gebiede geterroriseer deur ernstige misdade te pleeg, wat moord, poging tot moord, besit van ongelisensieerde vuurwapens en ammunisie, huisbraak met die opset om te steel, roof met verswarende omstandighede, kwaadwillige saakbeskadiging, diefstal en huisroof ingesluit het,' het polisiewoordvoerder Brigadier Motlafela Mojapelo gesê. 'Hulle is ook skuldig bevind weens die oortreding van immigrasiewette omdat hulle onwettig in die land was,' het hy bygevoeg.

[Vertaal uit: *www.news24.com*]

5.1 Wei uit oor die rol en funksies van die hof wat die drie mans in die artikel skuldig bevind het. (11)

5.2 Identifiseer die departement wat daarvoor verantwoordelik sal wees om die vonnisse af te dwing wat die Polokwane Hoë Hof aan die drie mans opgelê het. (1)

5.3 Beskryf die rol en funksies van die departement wat verantwoordelik is om die reg toe te pas, soos aangedui in artikel 205(3) van die Grondwet. (5)

5.4 Identifiseer en wei uit oor die rol en funksies van die NVD wat verantwoordelik is vir die instelling en uitvoering van strafregtelike verrigtinge teen die drie Limpopo-mans. (8)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 25

AFDELING D

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling in die ANTWOORDBOEK.

VRAAG 6

Die Witskrif oor Korreksies 2005 erken die mandaat van die Departement van Korrektiewe Dienste om sekuriteit op verskillende vlakke te verskaf om gevangenes teen ander gevangenes te beskerm. Weerlose gevangenes het die reg om aangehou te word op ’n wyse wat hulle in staat stel om met waardigheid te funksioneer. Die Regulasies vir Korrektiewe Dienste bepaal dat hierdie tipes gevangenes afsonderlik aangehou word.

Bespreek die kategorieë van weerlose gevangenes breedvoerig. **[20]**

OF

Volgens ’n verslag van die Internasionale Arbeidsorganisasie (IAO), *Child labour global estimates 2020, trends and the road forward,* is daar sedert 2016 wêreldwyd geen vordering teen kinderarbeid nie. Wêreldwyd is 160 miljoen kinders betrokke by kinderarbeid, waarvan 79 miljoen werk verrig wat gevaar inhou. Kinderarbeid kom meer onder seuns as dogters op enige ouderdom voor.

Bespreek omvattend die regte van kinders ingevolge die Internasionale Konvensie oor Kinderregte van 1989. **[20]**

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou